



Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

ENGINEERING
EYOBUNJINELI
INGENIEURSWESE

SIVIELE INGENIEURSWESE



Wat is siviele ingenieurswese en hoekom dit studeer?

Siviele ingenieurs skep die wêreld rondom ons, ontwerp en bou die infrastruktuur waarop ons staatmaak om as 'n samelewing te funksioneer. Siviele ingenieurs is verantwoordelik vir brûe, damme, hawens, kanale, lughawens, paaie, spoorweë, pyleidings, riool, stormwater, besproeiing en watervoorsieningstelsels, tonnels en fundamente, asook die toepassing en integrasie van tegnologie om dit alles te verbind.

Waar werk siviele ingenieurs?

Siviele ingenieurs werk in 'n breë spektrum van poste in die openbare en private sektore, van plaaslike owerhede tot staatsdepartemente, en van konsultasie tot konstruksiefirmas. Verskeie Suid-Afrikaanse siviele ingenieursfirmas is internasionaal aktief, en sommige is deel van groot internasionale maatskappye.

Ons bied 'n Suid-Afrikaanse Raad van Ingenieurs (SARI) geakkrediteerde professionele BIng (Siviele)-graad aan, wat 'n minimum van vier jaar neem om te voltooi. Met hierdie graad kan jy as 'n Professionele Ingenieur by SARI kwalifiseer nadat jy relevante bedryfservaring opgedoen het. Omdat SARI 'n ondertekenaar van die Washington-ooreenkoms is, word ons BIng-graad internasionaal erken, insluitend in lande soos Australië, Kanada, Nieu-Seeland, die Verenigde Koninkryk en die VSA, om 'n paar te noem.

Watter vakke studeer siviele ingenieurs?

Die BIng (Siviele)-graad begin met 'n gemeenskaplike eerste jaar oor alle ingenieursprogramme. Eerste- en tweedejaarmodules sal jou toerus met 'n grondige teoretiese kennis en fokus hoofsaaklik op wiskunde en fundamentele natuurwetenskappe soos fisika en chemie toegepas in die ingenieurskonteks. Jy sal ook leer oor etiek, professionaliteit en effektiewe tegniese kommunikasie.

In die derde en vierde jaar modules vorder die program na spesialisareas soos water-, struktuur-, vervoer- en geotegniese ingenieurswese, met modules soos waterbehandeling, vervoerwetenskap, data-analise, rekenaar modellering, struktuurontwerp en ingenieurs- en konstruksiebestuur.

Watter navorsingsvelde verken ons?

Ons doen fundamentele en toegepaste navorsing in Konstruksie- en Ingenieursbestuur, Water- en Omgewings-ingenieurswese, Struktuuringenieurswese en Siviele Ingenieurs-Informatika en Geotegniese- en Vervoer-ingenieurswese om volhoubare fisiese infrastruktuur vir die samelewing te verwesenlik, te verbeter en in stand te hou. Nadat jy jou BIng-graad voltooi het, is daar baie nagraadse geleenthede in ons departement om in hierdie navorsingsvelde te spesialiseer.

Kry jy geleentheid om in die laboratoriums te werk?

Die departement het wêreldklas laboratoriumsfasiliteite vir toetsing en modellering in geotegniese-, vervoer-, water-, struktuur- en brandingenieurswese, asook konstruksiemateriale. Vanaf die tweede jaar doen studente gereeld praktika in hierdie laboratoriums as deel van hul kursuswerk.

Webwerf: www.civeng.sun.ac.za | **Epos:** civil@sun.ac.za | **Tel:** 021 808 4440

@civlengsu | @CivilEngineeringStellenboschUniversity

forward together · sonke siya phambili · saam vorentoe